



Riglyne vir Pronk Podium virtuele opnames.



## KIES JOU VERHOOG / SPEELVLAK

- »»» Soek 'n area in jou huis/omgewing wat jou eenmanvertoning die beste sal weergee. Wanneer jy jou verhoog / speelvlak gekies het kan jy kreatief wees met dekor, rekwisiete, kostuums ens. tot jou beskikking.



## OPNAMES

- »»» As jy oogkontak wil maak met jou virtuele gehoor, kyk direk in jou opname toestel se kamera in (moet nie op jou toestel se skerm kyk nie.) Ons is besig met teater so onthou jou vierde muur.
- »»» Indien jy van jou selfoon gebruik maak vir opnames, maak seker jou data en / of *wifi* is af om boodskappe of oproepe tydens jou opname te verhoed.
- »»» Neem jouself in landskap formaat (*landscape*) af. Hou jou kamera / selfoon horisontaal en nie vertikaal nie.
- »»» Indien moontlik maak gebruik van 'n 16:9 *aspect ratio* tydens opname. Selfone se *aspect ratio* is reeds 16:9.
- »»» Finale video moet verkieslik in MP4 of MOV. formaat wees. Hierdie formate is die veiligste en skakel probleme met die aflaai of kyk van video's uit.
- »»» Tydens jou virtuele opname fokus op stemprojeksie (soos tydens 'n verhoog optrede), om hoorbaarheid te verseker.

»»» Jy mag jou produksie opneem tot jy tevrede is, solank die finale video wat jy stuur **een opname van begin tot einde is**.



## BELIGTING

»»» As jy van natuurlike lig (sonlig) gebruik maak, kies 'n area in jou omgewing wat genoegsame natuurlike lig inlaat. Jy kan ook kreatief raak met alternatiewe maniere van beligting in jou produksies, solank die kamera en beoordelaars jou kan sien.



## MUSIEK

»»» Musiek kan deel vorm van jou produksie. Jy kan besluit of jy dit wil speel tydens jou vertoning of tydens redigering wil insit.

»»» Maak seker musiek is hoorbaar maar nie kompetierend met jou stemprojeksie nie.

»»» Jy mag gebruik maak van iemand om jou musiek te hanteer tydens jou optrede of iemand vra om musiek in te bring tydens redigering van jou video.

Pronk Podium besit oor 'n tegniese span wat enige tyd sal help met raad as jy dit sou benodig tydens opnames. Kontak ons gerus - [pronkpodium@stagealive.co.za](mailto:pronkpodium@stagealive.co.za)

Onthou ons beoordelaars beoordeel steeds soos normaalweg alle aspekte van die produksie bv. props / dekor / tegnies / beligting / kostuums ens.